MAAK SO JOU EIE
PIZZABOKS-OOND

Trek voordeel uit die somerhitte en maak 'n heerlike lekkerny in jou eie sonoond. Volg dié maklike stappe, voeg sonlig by en jy kan koekies met 'n gesmelte vulsel (s'mores) maak sonder om elektrisiteit te gebruik

BENODIGDHEDE

- Pizzaboks
- Tinfoelie
- Swart papier
- Kleef-plastiek
- Liniaal
- Gom
- Kleeflint
- Mes of skêr
- Koekie of kraak-beskuit-jie
- Malvalekkers
- Sjokolade
- Koerante
- Laastens: 'n warm sonskyn-dag!

(Gebruik die mes of skêr onder toesig van 'n volwassene.)

HOE WARM RAAK DIT?
Jou sonoond kan amper **100 °C** op 'n warm dag bereik en dit kan sowat **45-60 min.** duur afhangend van hoe warm dit op die dag is. Die beste tyd om die oond op te stel is wanneer die son bo jou kop is.

MAAK SO

1 Vra jou ouers om pizza vir aandete te koop en hou die boks.

2 Teken 'n vierkant op die deksel en sny drie kante los om 'n flap te vorm.

3 Smeer gom aan die binnekant van die flap en bedek met tinfoelie om 'n spieëlagtige effek te skep.

4 Plak swart papier aan die bodem van die boks vas.

TINFOELIE
Die foelie is weerkaatsend en konsentreer die son se strale in die boks af. Jy kan die hoek van die flap verstel om meer van die son se strale tot in die boks te probeer weerkaats.

HOEKOM SWART PAPIER?
Swart absorbeer al die lig wat dit tref en help sodoende die kos vinniger verhit.

SO WERK DIT

Sonoonde gebruik sonenergie – lig en hitte van die son – om kos te verhit. Die oond is ontwerp om meer hitte te absorbeer as wat dit vrystel.



Wanneer die sonlig deur die kleefplastiek skyn, verhit dit die lug wat in die boks vasgekeer is. Die swart papier absorbeer die hitte en die koerant sorg dat die hitte nie deur die kante van die deksel ontsnap nie. Dit smelt die sjokolade en malvalekkers sodat jy die twee koekies aan mekaar kan vasplak om lekkernye (s'mores) te vorm. Jy kan ook roosterbrood probeer maak deur 'n stuk gebotterde brood in die boks te sit of kaas bo-op tortillaskyfies smelt om nacho's te maak.

VEILIGHEIDSWENK: Vra 'n volwassene om jou met die eksperiment te help.

Stuur vir ons foto's van hoe jy jou pizzaboks-oond maak

Neem foto's of 'n video van hoe jy jou pizzaboks-oond bou en deel dit met ons deur @huisgenoot op Facebook, Instagram en Twitter te gebruik. Of stuur dit per e-pos na web@huisgenoot.com. Ons sien daarna uit om van jou te hoor!



5 Plak 'n dubbele laag kleefplastiek met kleeflint oor die opening wat jy in die deksel gesny het. Maak dit so lugdig moontlik.

6 Plaas 'n laag koekies met malvalekkers en sjokolade op in die boks.

7 Plaas die oond buite in direkte sonlig. Kyk elke paar minute hoe dit vorder.

BRONNE: SCIENCE-LIORG, PERKINSELEARNING.ORG, HOMESCIENCETOOLS.COM
GRAFIEKA: HUISGENOOT-INFOGRAFIKA